KENNISGEWING 406 VAN 2020

STAD VAN TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING VAN HERSONERING AANSOEK INGEVOLGE ARTIKEL 16 (1) VAN DIE STAD VAN TSHWANE GRONDGEBRUIKBESTUUR VERORDENING, 2016

Ons, The Practice Group (Edms) Bpk , synde die applikant van die eienaars van Gedeeltes 1 tot en insluitend Gedeelte 23, Gedeelte 26 tot en insluitend Gedeelte 47, Gedeelte 50 tot en insluitend Gedeelte 57 en Gedeeltes 59 en 60 van Erf 12, van die Kungwini Country Estate, gee hiermee kennis in terme van

- Artikel 16 (1)(f) van die Stad Tshwane Grondgebruikbestuur Verordening 2016 , dat ons by die Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aansoek gedoen het om die wysiging van die Tshwane Dorpsbeplanningskema , 2008 (Hersien 2014) , deur die hersonering van die eiendomme hierbo beskryf ingevolge Artikel 16(1) van die Tshwane Grondgebruikbestuur Verordening, 2016. Die onderwerpeiendomme is geleë aan die Kungwini Dam (Bronkhorstspruit Dam).

Dit is die bedoeling van die grondeienaars om die geboude wooneenhede op bovermelde eiendomme sover dit boulyne en dekking betref in ooreenstemming met die bepalings van die Tshwane Stadsbeplannings Skema. 2008 (Hersiende weergawe 2014) te bring.

Enige beswaar(e) en/of kommentaar(e) insluitend die grond van sodanige beswaar en/of kommentaar, met volle kontakbesonderhede, by gebreke waaraan die munisipaliteit nie met die persoon of instansie wat sodanige beswaar of kommentaar ingedien het kan korrespondeer nie, sal ingedien of op skrif gerig word aan: Die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling: Kamer LG004, Isivuno House, 143 Lillian Ngoyi (Vermeulen) Straat Munisipale Kantore, Pretoria of Posbus 3242, Pretoria, 0001 of CityP_Registration@tshwane.gov.za vanaf 1 April 2020 (eerste datum van publikasie van die kennisgewing) tot en met 29 April 2020 (28 dae na die eerste datum van publikasie).

Volle besonderhede en planne (waar van toepassing) sal beskikbaar wees vir inspeksie gedurende normale kantoorure, vir ‘n periode van 28 dae vanaf die eerste datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant/Beeld en Star nuusblaaie. Adres van Munisipale Kantore: Kamer LG004, Isivuno Huis, 143 Lillian Ngoyi (Vermeulen) Straat, Pretoria

Sluitingsdatum vir enige besware/kommentare: 29 April 2020

Naam en adres van gemagtigde agent : The Practice Group (Edms) Bpk, Hoek van Brooklynweg en Eerstestraat, Menlo Park, Pretoria, 0081, of Posbus 35895, Menlopark, 0102, Tel: 012-362 1741
Datum van eerste publikasie : 1 April 2020
Datum van tweede publikasie : 8 April 2020
Verwysing: Erf 12 : CPD/9/2/4/2-5599T Item Number: 31733

1–8